**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**WAARDE GEDREWE / VALUE DRIVEN**

**2019**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 14 MAART 2019 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

## TEENWOORDIG:

### LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

### ANDER RAADSLEDE:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |

### AMPTENARE:

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. M Wüst | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. N Rossouw | : | Bestuurder: Elektriese Ingenieursdienste |
| Mnr. Wessel Rheeder | : | Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste |
| Mnr. J Sass | : | Bestuurder: Finansiële State en Beheer |
| Mnr. M Crous | : | Bestuurder: Inkomste |
| Mev. N Botma | : | Bestuurder: Uitgawe en Voorsieningskanaalbestuur |
| Mnr. S Lesch | : | Bestuurder: Administrasie – waarnemend |
| Mnr. J Strumpher | : | Hoof: Ingeneursdienste (PB) |
| Me. I van Wyk | : | Hoof: Fasiliteite |
| Mnr. D Alberts | : | Hoof: Rampbestuur |
| Mnr. C Cornelissen | : | Hoof: Verkeersdienste |
| Mnr. A Peters | : | Hoof: Ingenieursdienste (VD) |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. I Saunders | : | Hoof: Voorsieningskanaalbestuur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |
| Mev. J Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**BKN001/03/2019**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Dokter AC Booyse open die vergadering met 'n kort boodskap en gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom in die vergadering.

***

**BKN002/03/2019**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Raadslid M Wessels - *siekverlof*

***

**BKN003/03/2019**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Uitvoerende Burgemeester, Raadslid Du Plooy, Direkteur Gemeenskapsdienste en Direkteur Korporatiewe Dienste verklaar hulle persoonlike belang met betrekking tot item **BKA014** in die agenda.

***

**BKN004/03/2019**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING: DINSDAG 26 FEBRUARIE 2019</u>**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 26 Februarie 2019 bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER (J ROSENBERG)***

***

**BKN005/03/2019**
**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN006/03/2019**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Voorsitter doen die volgende mededelings:</u>

Die Voorsitter bedank en wens ook die direktorate en amptenare geluk met hul prestasie.

Die Burgemeester versoek die administrasie om klem te lê op die volgende aspekte:

- Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee meer respekvol hanteer word;
- Dat die missie en visie van Bergrivier Munisipaliteit uitgeleef en bevorder word;
- Dat ons altyd indiens van Bergrivier Munisipaliteit se gemeenskap optree;
- Dat versoeke/klagtes van die publiek so spoedig moontlik afgehandel word; en
- Dat terugvoering aan die gemeenskap spoedig gegee word.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

Sy wens die direktorate, wat gebruik maak van Expanded Public Works Program (EPWP) werkers, baie geluk met die ontvang van die skrywe oor die persentasies wat behaal is met die implementering van die EPWP program in Bergrivier Munisipaliteit.

Verder wens sy die Interne Ouditeur en die Hoof: Strategiese Dienste geluk vir ‘n 2de plek toekenning ontvang vir die implementering van die Municipal Governance Action Plan (MGAP) sisteem asook die implementering en uitvoering van die Integrated Performance and Support System (IPS2).

*******

**BKN007/03/2019**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN008/03/2019**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

*******

**BKN009/03/2019**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: SMALL TOWN REGENERATION INITIATIVE</u>**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder gee ‘n kort verduideliking van die item.

**<u>AANBEVELINGS: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Raad in beginsel goedkeur dat Bergrivier Munisipaliteit ingesluit word by die Karoo Small Town Regeneration Initiative en Regional Spatial Development Forum (RSDF); en

2. Dat die Munisipale Bestuurder gemandateer en versoek word, om die besluit deur te gee aan SALGA en alle dokumentasie in die verband te onderteken.

*******

**BKN010/03/2019**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: WYSIGINGS AAN DIE GOEDGEKEURDE JAARKALENDER**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder doen ‘n kort verduideliking van die item.

Saterdag 6 April 2019:

Dat ‘n gesamentlike wykskomitee byeenkoms (al sewe wyke) vir die bespreking van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en die Begroting (2019/2020) sal plaasvind. Beide die Uitvoerende Burgemeester en die Bestuurder: Strategiese Dienste is op Saterdag 6 April in België en word versoek dat die Uitvoerende Burgemeester dit sal oorweeg om die datum van die gesamentlike wykskomitee-byeenkoms te verskuif.

Maandag 6 Mei 2019, Dinsdag 7 Mei 2019 en Woensdag 8 Mei 2019:

Die President het Woensdag 8 Mei 2019 afgekondig as die datum waarop Nasionale- en Provinsiale verkiesing van 2019 plaasvind en dat Maandag 6 Mei en Dinsdag 7 Mei 2019 gebruik word vir spesiale stemme.

**AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad oorweeg om die Staande Komitees van Mei 2019 af te stel en dat alle dringende items na oorlegpleging tussen die Uitvoerende Burgemeester en die onderskeie Portefeulje voorsitters direk na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verwys word van Donderdag 16 Mei 2019.

***

**BKN011/03/2019**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**

Geen bespreking.

***

**BKN012/03/2019**
**PORTERVILLE EN PIKETBERG MEENT**
**7/2/3/2; 2/29; 41**
***(‘n Gewysigde aanbeveling word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, gee ‘n bondige samevatting oor die item en lees die aanbevelings voor, soos volg.

Verdere kommentaar en insette word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Dat Porterville meent soos volg beskikbaar gestel word:

1.1 Gedeeltes B (±12.79ha), C (±10.83ha) en D1 (±60.18ha) aan die Porterville Gemeenskapsvereniging (PGV) beskikbaar gestel word tot 31 Desember 2019;

1.2 Na 31 Desember 2019 word dieselfde gedeeltes as in 1.1 beskikbaar gestel vir 09 jaar en 11 maande aan PGV;

1.3 Dat PGV jaarliks bewys moet lewer hoe hulle opbrengs en die opbrengs uit enige onderverhuringskontrakte, die gemeenskap bevoordeel;

1.4 Dat gedeeltes F (±30.17ha) en D2 (±20.7ha) vir 'n tydperk van 3 jaar beskikbaar gestel word aan Creating Hope Africa;

1.5 Dat Creating Hope Africa (CHA) voor die aanvang van die huurtermyn 'n strategiese plan indien met betrekking tot die aanwending en die bestuur van die grond ten bate van Kleinboere ontwikkeling;

1.6 Dat gedeelte H (±16.43ha) uitgehou word vir nywerheidsontwikkeling ooreenkomstig die Bergrivier MSDF 2019-2024;

1.7 Dat 'n jaarlikse huurbedrag van R 600 betaalbaar is deur Porterville Gemeenskapsvereniging (PGV), Creating Hope Africa (CHA) onderskeidelik vir die kontrakte in punt 1.2 en 1.4 hierbo en 1.8;

1.8 Dat gedeelte G(±17,48ha) direk verhuur word aan die Kleinboerevereniging wat tans daar boer; en

1.9 Dat Bergrivier Munisipaliteit 'n gesprek fasiliteer tussen Creating Hope Africa (CHA) en die Kleinboerevereniging.

2. Dat Piketberg meent soos volg beskikbaar gestel word:

2.1 Die huidige huurkontrak tot 31 Desember 2019 verleng word en dat dit daarna hanteer word volgens punt 2.2 en 2.3, soos wat dit hieronder uiteengesit is;

2.2 Gedeelte A (±35ha) uitgehou word vir ontwikkeling van die nywerheidserwe wat reeds opgemeet is asook die pad wat na die rioolsuiweringswerke loop; en

2.3 Gedeeltes B (±112ha), C (±12ha) en D (±130ha) as 'n eenheid per tender beskikbaar gestel word vir 'n tydperk van 09 jaar en 11 maande, onderhewig daaraan dat die suksesvolle tenderaar ten minste 25 ha se totale opbrengs waarde vir gemeenskapsontwikkeling aan die Munisipaliteit oorbetaal.

***

**BKN013/03/2019**
**<u>REQUEST TO REGISTER PORT OWEN MARINA LAUNCH SITE AS A PUBLIC LAUNCH SITE</u>**
**9/1/2**

The Portfolio Chairperson, Councillor Daniels, gave a brief summary of the item under discussion and the recommendation reads as follows:

**<u>RECOMMENDATIONS: TO BE RESOLVED BY COUNCIL</u>**

1. That Council support the request for the Port Owen Marina launch site to be listed and registered as a public launch site to ensure compliance to National Environmental Legislation by Bergrivier Municipality;
2. That Council support the request letter for approval from the National Minister to charge a launching fee for this site once listed unless it has been decided to charge no launch fee and only a maintenance fee; and
3. That approval is given to the Municipal Manager to enter into a Service Level Agreement (SLA) with POMA for the operation and management of the Port Owen Marina launch site as a Public Launch Site on behalf of Bergrivier Municipality.

*******

**BKN014/03/2019**

**<u>APPROVAL OF THE DRAFT BY LAW RELATING TO THE MANAGEMENT AND USE OF THE BERG RIVER ESTUARY</u>**

**9/1/2**

The Portfolio Chairperson, Councillor Daniels, gave a brief summary of the item under discussion and the recommendation reads as follows:

**<u>RECOMMENDATIONS: TO BE RESOLVED BY COUNCIL</u>**

1. That in terms of section 156(2) of the Constitution read with section 11(3)(m) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000), the *Bergrivier Municipality by-law relating to the management and use of the Berg River Estuary*, attached as *Annexure A* to the report that served in front of Council, be passed;
2. That in terms of section 13(a) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the *Bergrivier Municipality by-law relating to the management and use of the Berg River Estuary* be published in the Provincial Gazette and will come into effect on 1 July 2019 (beginning for the new financial year subject to associated budget support). In addition to aforementioned, notice will be published in the local newspaper to bring the new by-law to the attention of the local community;
3. That the delegations submitted with the report to Council be approved ensure the effective implementation of the *Bergrivier Municipality by-law relating to the management and use of the Berg River Estuary and that the delegation register be updated to reflect the same* ;
4. That approval is given for the Municipal Manager to enter into a Service Level Agreement (SLA) with Cape Nature for putting into practice the provisions contained in the letter from Cape Nature dated 12 October 2018 indicating their support and assistance with the implementation of the *Bergrivier Municipality by-law relating to the management and use of the Berg River Estuary,* with acknowledgment of associated financial implications set out in the report that served in front of Council; and
5. That the Head: Communications drive a special awareness program before

the 01st July 2019

***

**BKN015/03/2019**
**AFSKRYF VAN UITSTAANDE VERKEERSBOETES**
**9/1/2**
**(‘n *Vervangende verslag word ter tafel gelê – Bylae B)***

***(Die Direkteur Gemeenskapsdienste het sy belange verklaar by bogenoemde item en verlaat die vergadering, voordat die item bespreek word.)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy, lei die item in. Na verskeie insette en kommentaar lees hy die aanbeveling voor vir oorweging.

**BESLUIT**

1. Dat die Raad die afskryf van die uitstaande verkeersboetes ouer as 18 maande, goedkeur;
2. Dat verkeersboetes van Raadslede en Amptenare nie afgeskryf word nie; en
3. Dat `n verslag van die uitstaande verkeersboetes kwartaalliks aan die Gemeenskapsdienste Komiteevergadering voorgelê word vir oorweging.

***(Die Direkteur Gemeenskapsdienste sluit weer aan by die vergadering)***

***

**BKN016/03/2019**
**PORTERVILLE DAM**
**9/1/2**
***(‘n Gewysigde aanbeveling word ter tafel gelê – Bylae C)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy, gee ‘n bondige samevatting van die item onder bespreking. Na verskeie insette en kommentaar lees hy die aanbeveling voor vir oorweging:

**BESLUIT**

1. Dat die tydperk van die opening van Porterville Dam jaarliks begin vanaf 01 September tot einde April die volgende jaar;
2. Dat die oop tye oor naweke soos volg is:
    - Vrydae 14:00 tot 20:00; en
    - Saterdae en Sondae vanaf 08:00 tot 20:00 insluit;
3. Dat Porterville Dam daagliks oopgestel word tydens publieke vakansiedae en skool vakansiedae vanaf 08:00 tot 20:00;
4. Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste en sy span die Porterville Dam se ontspanningsgeriewe herontwerp;
5. Dat die Direkteur Tegniese Dienste en sy span ondersoek instel oor die moontlikheid dat die publiek die dam kan gebruik vir swemdoeleindes, al dan nie; en
6. Dat die herontwerp, in punt 4 hierbo en die ondersoek in punt 5 hierbo , verder vergesel word van ‘n ondersoek deur die Bestuurder: Strategiese Dienste en haar span (LED) oor die moontlikheid vir

geleenthede deur die SMME's met inagneming van die Verordening oor Publieke Fasiliteite.

***

**BKN017/03/2019**
**UPGRADING OF THE OUMA WIESA PLAYPARK IN NOORDHOEK**
**2/2/4**

The Chairperson thanked the Director Community Services and Portfolio Chairperson, Councillor Du Plooy, for the good work that was done in Noordhoek, Velddrif.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee notes the completion of the Ouma Wiesa Playpark in Noordhoek, Velddrif.

***

**BKN018/03/2019**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: JANUARY 2019**
**5/1/B, 5/1/1**

The Portfolio Chairperson, Councillor Crafford, gave a brief explanation of the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for January 2019.

***

**BKN019/03/2019**
**TOEGANGSBEHEER: 'N GEDEELTE VAN FRANKLAAN (ERF 1169 PORTERVILLE)**
**9/1/2**
***('n Gewysigde aanbeveling word ter tafel gelê – Bylae D)***

Die Porterfeulje Voorsitter lei die item in en lees die aanbeveling voor vir oorweging.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee in beginsel toestemming verleen dat die "access boom" (hierna die toegangsbeheer genoem), verskuif word soos aangedui op die aangehegte IMQS kaart gemerk Aanhangsel A in die verslag;

2. Dat die Raad se intensie om die toegangsbeheer te verskuif geadverteer word vir 21 dae op minstens die volgende plekke:
   a. Op perseel;
   b. Plaaslike media wat beskikbaar is in Porterville;
   c. Biblioteke in Porterville;
   d. Wykskomitee 1 en 2; en

3. Dat die insette van die publiek terugverwys word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, sodra die prosesse in punt 2 hierbo afgehandel is.

***

**BKN020/03/2019**
**ONDERHOUDSPLAN VIR GEMEENSKAPSFASILITEITE**
**2/2/4**

Die Portefeulje Voorsitter lei die item in vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die Onderhoudsplan vir Gemeenskapsfasiliteite: 2019-2024 goedkeur.

***

**BKN021/03/2019**
**DEBITEURE-INVORDERINGS VIR FEBRUARIE 2019**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford, gee 'n bondige samevatting van die item onder bespreking.

Die Voorsitter versoek dat die Direkteur Finansiële Dienste verdere moontlike oplossings ondersoek vir die agterstallige belastingrekeninge van huishoudings waar die ouers oorlede is en die erfname/kinders se rekeninge op datum is, maar hul nie kan bekostig om die agterstallige belastingrekeninge (van hul wyle ouers) wat oor jare opgehoop het, nie kan betaal nie.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee kennis neem van die Voorsieningskanaalbestuursverslag, soos voorgelê;
2. Dat die Debiteure-Invorderings as `n Staande Item geplaas word op die agenda van die Finansiële Dienste Komiteevergadering; en
3. Dat `n verslag/lys van al die Debiteure wat agterstallige Diensterekeninge het by die volgende Finansiële Dienste Komiteevergadering op Woensdag 03 April 2019 voorgelê word.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (03/04/2019)***

***

**BKN022/03/2019**
**SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT: JANUARY 2019**
**5/1/B, 5/1/1**

The Portfolio Chairperson gave a brief summary of the item under discussion.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Supply Chain Management Implementation Report for January 2019, as presented.

***

**BKN023/03/2019**
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME: 30, 18 EN 10 JANUARIE 2019 ASOOK 14 DESEMBER 2018**
**8/1/1**

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN024/03/2019**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN025/03/2019**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN026/03/2019**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN027/03/2019**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN028/03/2019**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:15***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

___________________________ ___________________

***VOORSITTER (UITVOERENDE BURGEMEESTER)*** ***DATUM***

***